NG-Kerk Strand Noord Indië Sending

Geagte NG Strand-Noord,

Dit was so lekker om vinnig die sendingkommissie te ontmoet by ons vorige besoek aan SA vir nuwe visums. Ons is terug in Kolkata en weer volstoom aan die gang om weer op te vang na ons vir ‘n maand weg was.

Duisende dankies vir die R10000 wat julle vir ons gee om ons werk hier te versterk en die gebedsondersteuning wat julle ons bied. Ons kort elke gebed hier in die vêrre Indië.

Elke maand het ons kerk ‘n “Love thy neighbour” uitreik waar ons op verskillende maniere na die gemeenskap uitreik. Die reën seisoen (monsoon) het aangebreek en dit sous lekker by tye. Daar is ‘n vrou in die slum-gemeenskap naby ons wat se dak lêk en haar nood het via ‘n pastoor wat ons kerk bywoon uitgekom.

"ELKE MAAND HET ONS KERK ‘N “LOVE THY NEIGHBOUR” UITREIK WAAR ONS OP VERSKILLENDE MANIERE NA DIE GEMEENSKAP UITREIK. "

Ek preek tyd tot tyd by daardie pastoor Raja se kerk in die slum-gemeenskap en het al hierdie dame ontmoet, haar naam is Babli (foto aangeheg) en sy borrel omrent oor van die liefde van die Here. Sy is ‘n enkel ouer wat twee dogters grootmaak wat al in die Hoërskool is en sy doen die beste met wat sy het. Toe ek haar ontmoet het, het ek gedink aan die kinderkrans liedjie: “Dit borrel in my, want ek is so bly, Jesus het my lief.”

Ons sal ‘n R1000 van die bedrag by ons eie skenking byvoeg om haar te help om haar dak te herstel. Ons sal dan elke maand ‘n R1000 gebruik vir ons “Love thy neighbour” uitreik. Veral rondom kersfees het ons ‘n hele klomp uitreike, want dit bied ‘n unieke venster van geleentheid om meer openlik te evangeliseer. Ons sal ons planne nader aan die tyd deel, asook die “Love thy neighbour” uitreike wat voorlê.

Gebedsversoeke:

- Ons Project GRL (guide, restore, love) mediese bussie wat gratis mediese sorg aan vroue en kinders in die rooiligdistrike van Kolkata gee, se registrasie papiere sloer verskriklik, ons sukkel nou al maande om die registrasie van Hyderabad (waar die bussie gebou was) na Kolkata te skuif.
- Die kerk se groei en geestelike versorging
- Vir EJ en Sané wat met kleine Tara al ons verantwoordelikhede moet nakom
- Die volgende Grow pastors conference waar EJ moet aanbiedings maak in Indore.
- Vir ons koffiewinkel, 8th day café and bakery, waar ons die evangelie deel met ons personeel en besoekers

Bank besonderhede:

Bank: FNB/RMB
Account Holder: Edward John Leach
Account Type: FNB Current Account

Account Number: 62141881666
Branch Code: 250655